NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

13 Maart 2024

VAN: Jianni Joubert

AAN: Gemeenteskribas

OMSENDSKRYWE 11/2024

Geagte broers en susters

## ALMANAK 2025 INLIGTING EN LIDMAATTELLING FEBRUARIE 2024

Opdatering van gemeente- en predikante-inligting asook lidmaattellings geskied met behulp van die e-Almanak-toepassing.

Gemeentes wat reeds beskik oor 'n NHKA Microsoft 365-lisensie en @nhk.co.za-e-posadres, kan direk toegang verkry tot die toepassing via die skakel in hierdie e-pos.

Gemeentes wat nie beskik oor 'n NHKA Microsoft 365-lisensie nie, word versoek om die e-Almanak-instruksieblad wat hierby aangeheg is, te volg.

Die <u>Februarie-lidmaattelling</u> strek vanaf 1 Maart 2023 tot 29 Februarie 2024. Hierdie inligting word gebruik vir die statistieke wat in die Almanak van 2025 gepubliseer word.

Let asseblief op die volgende:

- Lidmaattellings moet aanlyn voltooi word. <u>Geen verouderde of *.pdf-dokumentasie sal aanvaar word nie</u> aangesien die data elektronies verwerk word. Daar is voorsiening gemaak vir die druk van die vorm nadat u dit voltooi het.
- Openingsyfers is altyd Februarie se eindsyfers en kan nie verander word nie.
- Aangeheg is 'n instruksieblad wat u stap vir stap sal help.
- Dié getalle word NIE vir heffings gebruik NIE.
- Die sperdatum vir indiening van u lidmaattelling asook die nagaan van gemeente-inligting is 30 April 2024.
- U aandag word daarop gevestig dat, indien hierdie inligting nie betyds ontvang is nie, die gegewens van die 2024 Almanak se opgawe oor Sensus en Statistiek (Februarie 2023) gebruik sal word.

Vir enige IT-ondersteuning, kontak asseblief vir mev Jianni Joubert (061 310 0850 of 012 322 8885 x3026) of mnr Wouter van der Merwe (012 322 8885).

Dit is belangrik vir die Kerk en die gebruikers van die Almanak dat akkurate inligting in die boek gepubliseer word.

Baie dankie vir u dringende aandag aan hierdie belangrike saak.

Groete

Mev Jianni Joubert
HOOF IT